

VERKORTE CURICULLUM VITAE

Andries Breytenbach is gebore en getoë in die Oos-Transvaalse hoëveld. Hy gaan op Bethal skool en studeer aan die Universiteit van Pretoria vanaf 1963 waar hy die grade BA, BA (Hons), BD en later DD verwerf. Vanaf 1968 doseer hy Hebreeus en Arabies aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte by UP, aanvanklik deelyds maar vanaf 1971 voltyds. In 1974 skuif hy oor na die Fakulteit Teologie (Afdeling A) en doseer Bybelkunde tot 1979 waarna hy mede-professor word in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap. Hy word professor en hoof van die departement in 1992. Met die eenwording van die twee teologiese fakulteite van die NG - en Hervormde Kerke word hy aangestel as adjunkdekaan.

Hy bly in dié pos totdat hy in Maart 2004 uittree om hom voltyds te wy aan die vertaling van die Ou Testament in isiNdebele, die enigste van die elf amptelike tale wat op daardie stadium nog nie oor 'n volledige Bybel beskik het nie. Die projek om die Ou Testament uit die grondtale te vertaal en die bestaande Nuwe Testament grondig te hersien, is voltooi aan die einde van 2011 en die volledige Bybel word op 23 November 2012 bekendgestel. Sy ervaring in Bybelvertaling gaan terug na die sewentigerjare toe hy die grondvertaling gedoen het van die boeke Levitikus en Hosea vir die 1983 Afrikaanse vertaling. Hy is tans eksegeet en intravertaler en dien ook op die Redaksionele Komitee (Ou Testament) van die vertaalprojek *Die Bybel. 'n direkte vertaling* van die Bybelgenootskap van Suider-Afrika.

Hy was vir vier jaar predikant van die Hervormde gemeente Elandspoort in Danville en daarna deelyds betrokke by die gemeentes Bronkhorstspuit en Pretoria-Suid.

Hy en sy vrou het vier kinders en drie kleinkinders. Sy groot liefde naas Bybelvertaling was nog altyd boerdery. Die egpaar het hulle in Desember 2011 permanent gevestig op hulle plaas in die Colesberg-distrik waar sy vrou 'n gastehuis bedryf.